

Deskundige verslag oor menseregte en onderrigtaal
in Suid-Afrikaanse tersiêre onderwys

Vorberei deur dr. Fernand de Varennes,
buitengewone professor, Universiteit van Pretoria en
besoekende professor, Universiteit van Hongkong

Februarie 2015

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Opdrag	3
Voorwoord	4
1. Is daar 'n reg, in die besonder in internasionale reg, vir 'n instelling soos die Noordwes-Universiteit/Potchefstroom om Afrikaans as onderrigtaal te gebruik (veral ten opsigte van moedertaalsprekers)?	5
a. Toepaslike internasionale menseregtestandaarde	7
b. Beïnvloed hierdie menseregteverpligtinge die onderrigtaal in tersiëre instellings soos die Noordwes-Universiteit en sy Potchefstroomkampus?	9
2. Is daar internasionale voorbeelde van soortgelyke gevalle of van beste praktyke waar 'n bepaalde taal gebruik word sonder om eksklusief te wees (soos by Noordwes-Universiteit/Potchefstroom met simultane tolking)?	12
Slotwaarnemings	18
Aanhangsel I: Toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings van die Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte	20
Aanhangsel II: Die onderrigtaal in openbare universiteite en artikel 29 van die Suid-Afrikaanse Grondwet	22
Oor die skrywer	27

OPDRAG

Die burgerregte-organisasie AfriForum het 'n ontleding van die volgende sake vanuit die perspektief van internasionale menseregte aangevra:

- A. Is daar 'n reg, in die besonder in internasionale reg, vir 'n instelling soos die Noordwes-Universiteit/Potchefstroom om Afrikaans as onderrigtaal te gebruik (veral ten opsigte van moedertaalsprekers)?
- B. Is daar internasionale voorbeelde van soortgelyke gevalle of van beste praktyke waar 'n bepaalde taal gebruik word sonder om eksklusief te wees (soos by Noordwes-Universiteit/Potchefstroom met simultane tolking)?

'n Verwysingsdokument (*Education, Discrimination and Language*) en bylae word bykomend tot hierdie ontleding verskaf.

Die opdrag versoek nie enige bespreking van die versoenbaarheid van die gebruik van slegs Engels in openbare tersiëre onderwys met Suid-Afrika se eie Grondwet nie. Artikel 29(2) bepaal “Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van— a. billikheid; b. doenlikheid; en c. die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.”

Dit sou vanselfsprekend daarop dui dat hierdie reg op onderwys, waar dit redelik prakties is, ten minste in 'n persoon se amptelike taal van keuse in openbare onderwysinstellings, insluitende in enkelmediuminstellings, die gebruik sou beteken van Afrikaans as hoofonderrigtaal by 'n openbare universiteit waar dit die taal van die meerderheid van die bevolking is. Hierdie kwessie val egter buite die omvang van hierdie verslag, en sal daarom nie oorweeg word nie.

VOORWOORD

Die regering van Suid-Afrika skryf toenemend slegs Engels voor as die taal wat deur owerhede regoor die land gebruik moet word, ten spyte van die onlangs-aanvaarde *Use of Official Languages Act, 2012*, ten spyte daarvan dat die Grondwet van Suid-Afrika voorsiening maak vir die algemene gebruik van ten minste twee amptelike tale deur die nasionale en provinsiale regering, en ten spyte daarvan dat die Grondwet ook spesiaal in artikel 29(2) voorsiening maak vir die reg om “onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse ... insluitende enkelmediuminstellings”.

Die aksie ten opsigte van die gebruik van slegs een amptelike taal is waarskynlik die verbasendste op die gebied van openbare onderwys: terwyl ’n Ipsos-Markinor-opname in September 2014 daarop dui dat meer as twee-derdes van Suid-Afrikaners meen dat hulle kinders die reg het om in hulle eie taal opgevoed te word, word hierdie reg toenemend in die praktyk ondermyn, en dit teen ’n geweldige vinnige tempo. In slegs bietjie meer as ’n dekade het ’n kwart van die Afrikaansmediumskole in Gauteng sedert 2002 verander na skole wat slegs in Engels onderrig gee. Daar is slegs 168 skole wat in Afrikaans onderrig gee, teenoor 1 539 Engelse skole; in die Vrystaat is daar slegs 75 oor, en in KwaZulu-Natal 12 (met 2 153 Engelsmediumskole). Volgens die nasionale sensus van 2011 is Afrikaans (14%) die derde grootste taal in Suid-Afrika naas Zulu en Xhosa, met Engels die vierde ten opsigte van eerstetaalsprekers (9,6%).

Die hoofargument wat amptelik vir hierdie dramatiese verskuiwing aangebied word, is meestal dat die ouers Engels as onderrigtaal verkies, en dat daar ’n ooreenstemmende afname in die getal Afrikaanssprekende studente is. Dit veroorsaak dat skoolowerhede toenemend na slegs Engelsmedium- of parallelmedium- (Afrikaans/Engels-) skole beweeg. Daar moet egter gelet word daarop dat Suid-Afrikaanse diplomatieke en regsverteenwoordigers by talle geleenthede aangedring het dat, hoewel Suid-Afrika uiters verdraagsaam is, positief ingestel is teenoor multikulturaliteit en respek vir diversiteit het, dit die gebruik van minderheidstale – en veral Afrikaans – as verdelend beskou, en dat slegs Engels daarom inklusief is en gebruik behoort te word, met die terugskuiwing van alle ander tale na die huis, kerk en privaat sferes. Selfs die privaat gebruik van tale gaan egter skynbaar nie langer in Suid-Afrika geduld word nie. So onlangs as laat-November 2014, word berig oor dreigemente deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr. Blade Nzimande, dat die registrasie van een van die land se privaat universiteite, Akademia, onttrek sal word as die onderrigtaal uitsluitlik Afrikaans bly. Hierdie voorstel van die Minister van Hoër Onderwys sal ongetwyfeld ’n aantal menseregtebepalings ingevolge internasionale reg skend as dit geïmplementeer word. Hierdie ingesteldheid dui ook daarop dat dit nie ondenkbaar is dat alle openbare onderwys in minderheidstale¹ uiteindelik bedreig sal word nie.

1. Hierdie verslag gebruik dikwels die term “minderheid”, waarmee veronderstel word ’n suiwer numeriese taalgroep in ’n staat: die term kan gebruik word ten opsigte van enige amptelike of nie-amptelike taal, insluitende selfs ’n inheemse taal, solank die sprekers van die taal minder as die helfte van die bevolking van die land is.

Hierdie verslag kyk of, vanuit die oogpunt van internasionale menseregte, die gebruik van ander tale as Engels (wat die voorkeurtaal van die Suid-Afrikaanse regering is) 'n internasionale menseregte-regsbasis het.

1. Is daar 'n reg, in besonder in internasionale reg, vir 'n instelling soos die Noordwes-Universiteit/Potchefstroom om Afrikaans as onderrigtaal te gebruik (veral ten opsigte van moedertaalsprekers)?

Die kort antwoord is ja, daar kan wees, maar dit is nie outomaties só nie.

Eenvoudig gestel, ingevolge internasionale menseregte-wetgewing is daar geen absolute reg op onderwys in 'n mens se eie taal nie. Hoewel dit dikwels aangebied word as “goeie praktyk” wat regerings moet nastreef, is dit duidelik vanuit 'n regs oogpunt dat die regs dokumente (verdrae) wat menseregte hanteer in werklikheid redelik neutraal is ten opsigte van die taal wat as onderrigtaal in openbare onderwys gebruik moet word, aangesien dit dikwels beskou word as 'n besluit wat liever aan die nasionale regering oorgelaat moet word.² Om dit heeltemal duidelik te stel: daar is geen enkele menseregte handves wat ondubbelsinnig in 'n spesifieke bepaling die reg erken om in openbare onderwys in jou moedertaal onderrig te word nie, dit geld vanselfsprekend dan ook op tersiëre vlak.

Dit is egter nie die einde van die saak nie.

Die Noordwes-Universiteit, en meer bepaald die Potchefstroomkampus, is 'n openbare, tersiëre onderwysinstelling. Die vraag moet dus wees wat is die verpligting, indien enige, van regeringsowerhede om aan 'n openbare universiteit vir die gebruik van 'n moedertaal as onderrigtaal voorsiening te maak. Vanuit die oogpunt van die internasionale reg is dit duidelik dat daar geen ongekwalfiseerde reg op onderwys in iemand se eie taal is nie, selfs wanneer dit met die verbod op diskriminasie gekombineer word.³

Daar is egter talle ander dokumente, kundiges en amptenare wat daarop aanspraak maak dat *onderwys in 'n minderheidstaal of moedertaal 'n uiters wenslike en toepaslike benadering* vir opvoedkundige en ander doeleindes is: daar word in UNESCO-beleidsdokumente, VN-standpunte en ander dokumente in *Education, Discrimination and Language* daarna verwys. Daar is logies gesproke ook die argument dat die identiteit van 'n taalminderheid – of dit 'n amptelike taal behels of nie – slegs beskerm kan word as die taal ondersteun en onderrig word.

Uit 'n praktiese oogpunt in die implementering van vier internasionale menseregte handveste het VN-komitees in effek beslis dat dit onder sekere omstandighede moontlik is om 'n uitvoerbare reg op onderwys in 'n minderheidstaal of moedertaal in openbare onderwysinstellings te hê. Die handveste is naamlik die *Internasionale Verdrag oor Burgerlike en Politieke Regte* (ICCPR), die *Internasionale Verdrag oor Ekonomiese,*

2. Katarina Tomasevski, *Manual on rights-based education: global human rights requirements made simple* (UNESCO Bangkok, Bangkok, 2004), p. vi, at <http://www.hrc.co.nz/hrc/worddoes/p1-12.pdf>.

3. *Belgian Linguistics Case, In the case “relating to certain aspects of the laws on the use of languages in education in Belgium”, Application no 1474/62; 1677/62; 1691/62; 1769/63; 1994/63; 2126/64, judgement of the European Court of Human Rights of 23 July 1968.*

Maatskaplike en Kulturele Regte (ICESCR), die *Konvensie oor die Regte van die Kind* (CRC), en die *Konvensie oor die Eliminering van alle Vorme van Rassediskriminasie* (CERD). Die interpretasie van die verskillende menseregte wat betrokke is (reg op onderwys; reg van taalminderhede om nie die reg te verbeur om hulle eie taal onder mekaar te gebruik nie, die verbod op diskriminasie) kan heelwat binne elkeen van hierdie gemeenskappe wissel, soos wat dit inderdaad ook die geval is.

By tye lyk dit of almal gewillig is om te erken dat daar 'n "reg op onderwys in die moedertaal" bestaan, veral vir inheemse mense, maar ook vir minderhede; of 'n reg om tweetalige of veeltalige onderwys te ontvang; of 'n reg op 'n minderheid se taal "in" onderwys. Daar is egter geen duidelike aanduidings van wat vereis word nie: die Komitee oor die Regte van die Kind sal byvoorbeeld somtyds na een van drie moontlike regsbase vir sy gevolgtrekkings verwys: óf Artikel 28, óf Artikel 29, óf Artikel 30, of selfs 'n kombinasie van twee of meer van hierdie bepalings. Die Komitee oor die Eliminering van Rassediskriminasie is meer konsekwent ten opsigte van die regsgrondslag vir sy gevolgtrekkings oor taal en onderwys, aangesien dit slegs te doen het met kwessies van diskriminasie in onderwys volgens die bepalings van die handves wat dit moniteer.⁴

Die onsekerheid oor hoe om wetlike bepalings wat geen direkte verwysing na die onderrigtaal in skole maak nie, te verstaan en interpreteer, lei ook tot teenstrydige gevolgtrekkings. Die Komitee vir die Regte van die Kind lyk byvoorbeeld of dit die verwydering van Russies as 'n onderrigtaal uit openbare onderwys in Letland, insluitende as onderrigtaal in openbare universiteite voorstaan waar dit kommentaar lewer oor 'n wysiging na die gebruik van slegs Letties in sekondêre onderwys, en slegs aandui dat dit "met sorg" gedoen moet word.⁵ Daar is hoegenaamd geen aanduiding in hierdie waarnemings dat die Russiessprekende minderheid dalk 'n reg op onderwys in hulle eie taal het nie – heeltemal teenstrydig met slotwaarnemings ten opsigte van ander lande.⁶

Hoewel die onderskeie posisies van hierdie vier komitees nie altyd duidelik is nie, gee die tabel hieronder 'n breë aanduiding van die verskillende interpretasies wat gunstig is vir 'n moontlike algemene aanspraak op onderwys in die moedertaal. Hierdie tabel verskaf slegs 'n benadering, aangesien dit nie altyd ooglopend is wat die presiese betekenis van 'n komitee se slotwaarnemings is nie, en in sommige gevalle kan daar selfs meer as een tipe interpretasie of grondslag vir 'n komitee se gevolgtrekkings wees.

-
4. Die konsep van "ras" soos in hierdie verdrag gedefinieer, is wyer as bloot die kleur van jou vel, en sluit ook etniese verskille in die algemeen in. Dit kan dus taalminderhede as 'n etniese groep insluit.
 5. *Concluding observations of the Committee on the Rights of the Child, Latvia*, U.N. Doc. CRC/C/15/Add.142 (2001), and *Concluding observations of the Committee on the Rights of the Child, Latvia*, U.N. Doc. CRC/C/LVA/CO/2 (2006).
 6. *Concluding observations of the Committee on the Rights of the Child, Kyrgyzstan*, U.N. Doc. CRC/C/KGZ/CO/3-4 (2014): "56. Taking into account its General Comment No. 1 on the Aims of Education (CRC/GC/2001/1), the Committee recommends that the State party: (f) Take measures to ensure that children from minority communities, in particular Uzbek children, have access to education in their native language without any restrictions."

Tabel 1: Frekwensie vir klaarblyklike ondersteuning vir een of ander mate van moedertaalonderwys (MLE), VN-komitees, 1988–2014

Komitee	Reg op onderwys in die moedertaal	Reg op onderwys en kultuur	Diskriminasie in onderwys	Tweetalige of veeltalige onderwys	Regte van 'n inheemse of minderheids-groep
HRC	8		3	1	6
CRC	23			35	5
CERD	9		8	4	
CESCR	19	19	4	5	5

Uiteraard gee die tabel hierbo nie al die nuanses en kompleksiteite weer nie: aan die een kant het talle van die situasies van steun vir tweetalige of veeltalige onderwys met inheemse mense te make, en is dit nie slegs tot die eerste jare van primêre onderwys beperk nie. Aan die ander kant gaan van die slotwaarnemings wat met onderwys en taal te doen het selfs so ver om die kwessie van die taal van toetsing en plasing vir universiteitstoelating te ondersoek – en die taal wat in openbare universiteite self gebruik word.⁷ In die geval van CERD – ten spyte daarvan dat daar soms 'n gebrek is aan direkte verwysings na die regsgrondslag vir kommentaar – berus al die slotwaarnemings op die verbod van rassediskriminasie in onderwys.

Ten opsigte van CERD sowel as die MRK lyk dit of hulle met die eerste oogopslag gunstiger reageer op 'n aanspraak van 'n reg op onderwys in 'n mens se eie taal: in die geval van CERD, is dit duidelik slegs in situasies waar dit as rassediskriminasie beskou kan word. Wat die MRK betref, is die regsgrondslag vir so 'n gevolgtrekking minder seker: in sommige gevalle wil dit voorkom of die toepassing van artikel 27 van die ICCPR oorweeg word (die reg van minderhede om hulle eie taal onder mekaar te gebruik), ander kere verbind dit hierdie reg met die verbod op diskriminasie; heel dikwels verwys dit bloot na die reg om *in abstracto* in 'n minderheids- of inheemse taal onderrig te word.

Ten slotte, hoewel daar streng gesproke geen “reg is om in jou eie taal opgevoed te word” nie, het vier VN-komitees dit in die praktyk erken – tot 'n sekere mate – in hulle eie interpretasie van verskillende handvesverpligtinge wat ook op Suid-Afrika van toepassing is.

a. Toepaslike internasionale menseregtestandaarde

Ondanks die periodieke probleme om die regsgrondslag vir die gevolgtrekkings van die vier VN-komitees presies vas te pen, kan die volgende opsomming steeds nuttige riglyne vir oorweging verskaf:

7. 19 April 2013, CERD/C/KGZ/CO/5-7, *Concluding observations on the fifth to the seventh periodic reports of Kyrgyzstan*.

Tabel 2: Regsgrondslag vir waarnemings oor taal en onderwys deur die VN-komitees

VN-komitee	Regsgrondslag	Onderrigtaal vir privaat skole?	Onderrigtaal vir openbare skole?
MRK	Artikel 26 (nie-diskriminasie), of artikel 27 (reg van taalminderhede om hulle eie taal onder mekaar te gebruik), of artikel 2 (nie-diskriminasie in die toepassing van handvesregte) in kombinasie met artikel 27.	Lyk of dit gewoonlik met artikel 27 verbind word.	Lyk of dit meer waarskynlik te make het met die van die verbod op diskriminasie waar dit redelik en regverdigbaar is, hoewel een slotwaarneming vir Kirgistan lyk of dit met artikel 27 verband hou.
CERD	Artikel 5(e)(v) (nie-diskriminasie).	Ja.	Ja, verwys soms na die behoefte van proporsionaliteit in die gebruik van minderheidstale. ⁸
CRC	Artikel 28 (reg op onderwys), artikel 29 (onderwys wat gerig is op die ontwikkeling van respek vir die kind se eie kulturele identiteit, taal) en artikel 30 (reg van taalminderhede om hulle eie taal onder mekaar te gebruik). Hoewel dit moontlik is, het die CRC nie die verbod op diskriminasie met die taal wat as onderrigtaal in skole gebruik word, in verband gebring nie.	Ja, artikel 29(2).	Ja, hoewel die regsgrondslag baie wissel: soms word artikel 28 genoem, ander kere artikel 28 en artikel 29, soms artikel 30, en selfs al drie tegelyk of nie een van hulle nie.
CESCR	Artikel 13(1) reg op onderwys, 13(4) reg om privaat skole te stig, artikel 15(1) (reg om aan kultuur deel te neem, met taal as een aspek van kultuur) of moontlik artikel 15(2) (verpligting om kultuur te bewaar).	Ja, artikel 13(4).	Ja, hoewel die regsgrondslag tussen artikel 13(1) en/of artikel 15(1) en (2) wissel.

8. 14 April 2005, CERD/C/AZE/CO/4, *Concluding observations on third/fourth report on Azerbaijan*, paragraphs 12 and 14.

Die waarnemings van hierdie komitees het 'n regsgrondslag en is nie slegs “opinies” wat los van enige internasionale standaard is nie. As gevolg hiervan is daar drie belangrike internasionale regstandaarde betrokke wanneer die kwessie van die onderrigtaal in onderwys oorweeg word, hoewel 'n kombinasie van die drie saam by tye in werking gestel word, in besonder nie-diskriminasie en die reg op onderwys.

1. Die reg op onderwys;
2. Die verbod op diskriminasie (veral op grond van taal, maar ook ras of etnisiteit); en
3. Die reg van taalminderhede om nie die gebruik van hulle eie taal met ander van hulle groep ontsê te word nie (veral vir privaat onderwysaktiwiteite).

b. *Beïnvloed hierdie menseregteverpligtinge die onderrigtaal in tersiëre instellings soos die Noordwes-Universiteit en sy Potchefstroomkampus?*

Ja.

Hoewel hierdie kwessie nie dikwels in spesifieke menseregtehandveste na vore kom nie, het 'n aantal van hierdie VN-komitees dit by geleentheid duidelik gemaak dat ten minste in die geval van baie groot taalgemeenskappe, die gebruik van 'n ander taal as die amptelike of voorkeurtaal van owerhede in openbare tersiëre onderwys toepaslik is, en selfs vereis word.

Dit lyk of die komitees meer as gewillig is om die reg om in die moedertaal onderrig te word, te erken wanneer 'n groot, goedgevestigde minderheid betrokke is. Dit is veral waar wanneer die minderheidstaal reeds as onderrigtaal gebruik word, of 'n lang letterkundige tradisie het met opvoedkundige materiaal wat meer geredelik in daardie taal beskikbaar is. In sodanige situasies is daar geen ooglopende redelike regverdiging om die gebruik van 'n minderheidstaal as onderrigtaal in openbare skole te weier of te beperk nie, en verskeie VN-komitees was meer as bereid om die reg op onderwys in 'n minderheidstaal te erken. In hierdie soort situasie sou “wat redelik en geregverdig” is, beteken dat die minderheidstaal tot die finale jare van openbare onderwys as die hoof-onderrigtaal gebruik kan word, en tot selfs vir onderrig in eie taal in openbare universiteitsprogramme. Die *Europese Handves vir Streek- en Minderheidstale* erken dit as 'n wetlike vereiste wanneer dit verwys na die verpligting van regerings om universiteits- en ander hoër onderwys in streeks- of minderheidstale beskikbaar te stel waar dit vir 'n bepaalde taal toepaslik is,⁹ met UNESCO wat hoofsaaklik om opvoedkundige redes instem.¹⁰ Oor die kwessie van die opvoedkundige basis vir die gebruik van meer as een taal in 'n land is dit interessant

9. Artikel 8(1)(e), *European Charter for Regional or Minority Languages*, Council of Europe, Strasbourg, 5 November 1992.

10. UNESCO ondersteun ook die gebruik van meer as een nasionale taal in tersiëre onderwys waar dit redelik doenlik is, ingevolge een van sy grondliggende beginsels: beginsel II dui aan dat tweetalige en/of veeltalige onderrig op alle vlakke van onderwys ondersteun moet word as 'n manier om maatskaplike en genderygelykheid te bevorder en as 'n sleutelement van linguisties-uiteenlopende samelewings, insluitende tot op universiteitsvlak, aldus *UNESCO Principles on Language and Education* (2003).

om van die waarnemings rakende die pogings om slegs Engels in Namibiese universiteite in te voer, uit te wys:

Hierdie veldtogte het, na amper tien jaar (1989) gemengde resultate opgelewer. Dit het die idee van Engels as die Namibiese nasionale en amptelike taal gewild gemaak. Die instelling van Engels as uitsluitlike onderrigtaal deur die Owambo-administrasie, met die hulp van swakgekwalfiseerde Asiatiese immigrante, was egter 'n ramp. Die druijpkoeers in die matriekeksamen het met amper 50 persent toegeneem. Die boikot van lesings deur studente aan die Universiteit van Namibië om Engels as die uitsluitlike onderrigtaal af te dwing, het in wantroue geëindig. Dosente wat slegs in Engels begin klasgee het, is in talle gevalle deur die studente gevra om na Afrikaans oor te slaan. Studente, selfs diegene uit Owamboland, kon die lesings nie goed volg nie.¹¹

Die advieskomitee van die *Raamwerkkonvensie vir die Beskerming van Nasionale Minderhede* reken ook dat die gebruik van minderheidstale vir onderrig in tersiëre openbare onderwysinstellings 'n belangrike benadering was wat tot die ontwikkeling en prestige van minderheidstale in 'n land bygedra het.¹² Dit is ook meer spesifiek in die *Den Haag Aanbevelings ten opsigte van die Onderwysregte van die Nasionale Minderhede* erken:

17. Persone wat tot nasionale minderhede behoort, moet toegang tot tersiëre onderwys in hulle eie taal hê wanneer hulle die behoefte daaraan getoon het en wanneer hulle getalsterkte dit regverdig. Tersiëre onderwys in 'n minderheidstaal kan wetlik aan nasionale minderhede beskikbaar gestel word deur die vereiste geriewe binne bestaande onderwysstrukture te vestig, mits hierdie strukture toereikend in die behoeftes van die betrokke nasionale minderheid kan voorsien. Persone wat tot nasionale minderhede behoort, kan ook weë en middele soek om hulle eie onderwysinstellings op tersiëre vlak te vestig.

Hoewel die vier geïdentifiseerde VN-komitees by 'n hele aantal geleenthede na openbare onderwysgeriewe verwys het wat ander tale as onderrigtaal moet gebruik, het slegs die Komitee oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte dit onomwonde gestel met betrekking tot openbare hoër onderwys in Europa, Asië en Afrika (Belarus, Israel, en Marokko onderskeidelik).¹³ Al drie het met baie groot taalgemeenskappe te doen gehad, en twee van hulle (Belarus en Israel) het die verpligting in hulle bepaalde omstandighede

11. Robert K. Herbert (editor), *Language and Society in Africa* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1992), p. 64.

12. Thematic Commentary No. 3, *The Language Rights of Persons Belonging to National Minorities under the Framework Convention* (Council of Europe).

13. Die betrokke uittreksels word in die aanhangsel verskaf.

betrek om een van die staat se amptelike tale in openbare universiteite as onderrigtaal te gebruik – en nie die universiteitsopleiding tot die “hoof” amptelike taal, Russies of Hebreeus, te beperk nie – en dit aan die beginsel van gelykheid en die verbod op diskriminasie gekoppel.

Dit is moontlik om uit hierdie voorbeelde af te lei dat ingevolge internasionale menseregte-wetgewing die aanspraak op die reg om Afrikaans as onderrigtaal by universiteite of ander tersiëre instellings te gebruik, ’n regsgrondslag het (hoofsaaklik die reg op onderwys, in kombinasie met die verbod op diskriminasie op grond van taal). Daar moet gewys word daarop dat dit buitengewoon is: eerstens omdat die verskillende VN-komitees selde duidelik beslis het of uitgebrei het oor kwessies van die taal van hoër onderwys; tweedens omdat die paar gevalle waar dit meestal voorgekom het, oor baie groot minderhede gehandel het, hulle in een gebied gekonsentreer was, en ’n amptelike taal betrokke was (in die geval van Belarus en Israel).

Hoewel hierdie en ander gunstige toestande met betrekking tot die gebruik van Afrikaans by ’n paar openbare universiteite bestaan, sal die bewering dat die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal rassediskriminasie perpetueer, ’n betekenisvolle struikelblok in enige internasionale forum wees. Dit sal kortliks in die samevatting van hierdie verslag genoem word, ofskoon dit die opdrag oorskry.

2. Is daar internasionale voorbeelde van soortgelyke gevalle of van beste praktyke waar 'n bepaalde taal gebruik word sonder om eksklusief te wees (soos by Noordwes-Universiteit/Potchefstroom met simultane tolking)?

Veeltaligheid¹⁴ in die onderrigtaal vir openbare universiteite is wêreldwyd redelik algemeen.¹⁵ Dit is gedeeltelik die gevolg van 'n toenemende beweging van studente oor grense heen; daarbenewens het die internasionalisering van tersiëre onderwys self die toename in die gebruik van Engels as 'n aanvullende onderrigtaal beleef.

Talle universiteite gebruik 'n kombinasie van modelle met betrekking tot die taalmedium van opvoedkundige programme. Bykomend tot die taal/tale van werk en bedrywighede, het die toenemende mobiliteit van studente oor grense heen by toenemend groter getalle universiteite tot die aanbieding van sekere kursusse en programme in Engels en 'n paar ander internasionale tale soos Frans, Russies, Chinees of Spaans gelei.

Talle hiervan het taalmodelle in plek wat ontwerp is om 'n bepaalde onderrigtaal te gebruik wat die behoeftes van die hoofbevolkingsgroepe binne 'n staat of streek weerspieël. Ongeag van enige kursus of program wat in Engels aangebied word, is daar byvoorbeeld taalmodelle in universiteitsopleiding vir die vier hooftaal-groepe in Switserland (Duits, Frans, Italiaans en Romansh). In die Switserse streke (kantons) met meer as een amptelike taal, soos in Graubünden met drie amptelike tale (Duits, Italiaans en Romansh), sal die kursusse primêr in een van hierdie drie tale wees.

Bestaande modelle ten opsigte van die medium van hoër onderwys kan soos volg gekategoriseer word:

1. Universiteit met een amptelike taal van onderrig;
2. Universiteit met een hooftaal van onderrig, maar met 'n paar kursusse in 'n ander taal binne programme, departemente en fakulteite, veral in die aanvangsjare van nie-gespesialiseerde programme.
3. Universiteit met een hooftaal van onderrig, maar met subdepartemente of parallelle programme in ander tale (kwasi-tweetalig);
4. Tweetalige (of in sommige gevalle veeltalige) universiteite met al die voorgraadse programme in die minderheidstaal in afsonderlike institusionele komponente (onderwysersopleiding by die Laurentia Universiteit);
5. Tweetalige (of in sommige gevalle veeltalige) universiteite waar die meeste programme (min of meer) in elke taal aangebied word. In uitsonderlike gevalle is daar amptelike veeltalige universiteite;
6. Tweetalige (of in sommige gevalle veeltalige) universiteite waar die minderheidsonderrigtaal gebruik word binne outonome of nominaal-onafhanklike instellings wat onder hulle eie name as kolleges of universiteite

14. Met veeltaligheid word die gebruik van meer as twee tale bedoel.

15. *Education in a Multilingual World*, UNESCO Position Paper on Education, Paris, 2003.

bestaan, waar studente soms volledige studieprogramme voltooi, maar vanwaar die verskuiwing na ander programme en hoër vlakke van 'n meerderheidsinstelling 'n algemene praktyk is;

7. Tweektalige (of in sommige gevalle veeltalige) universiteite waar die minderheidstaal van onderrig *de facto* tot spesifieke programme beperk is;
8. Tweektalige (of in sommige gevalle veeltalige) universiteite waar twee tale terselfdertyd deur simultane tolking gebruik word;
9. Tweektalige (of in sommige gevalle veeltalige) universiteite waar 'n dosent twee tale gebruik wanneer met die studente gepraat word of op hulle vrae gereageer word.

Die meeste modelle wat wêreldwyd bestaan, behels wat in Suid-Afrika as óf enkelmedium-óf een of ander vorm van parallelmediumonderwys erken sal word. "Gemengdemediumonderwys", wat Model 8 en 9 hierbo behels, word oor die algemeen selde gebruik (belangrike uitsonderings is universiteite in Kameroen,¹⁶ sommige in Tunisië en in Hongkong, waar dosente ook Kantonees of Putonghua/Mandaryns sal gebruik waar nodig).

Wetgewing, administratiewe regulasies of 'n universiteit se eie taalbeleide spel gewoonlik die aard en omvang van die taalmodelle van 'n bepaalde universiteit uit. Die praktyk wat gevolg word, stem egter nie altyd heeltemal met die wetlike of regulatoriese raamwerk ooreen nie. Ten spyte daarvan dat die federale grondwet byvoorbeeld "Chinees" as die hooftaal van onderrig vir die Chinese Universiteit van Hongkong vereis, kan dosente dikwels kies om Engels, Kantonees of Putonghua in die klas te gebruik wanneer dit toepaslik is, wat situasies tot gevolg het wat nader aan gemengde mediumonderrig is. In lande soos Tunisië, skryf wetlike vereistes voor dat 70 persent van die universiteit se onderrig in Arabies moet wees, die res word aan die diskresie van die dosente oorgelaat. Dit word dikwels onderling tussen die studente en dosente bepaal, wat tot gevolg het dat Frans sowel as Arabies soms gebruik word.

Daarbenewens toon die verskillende taalmodelle nie altyd die werklike taalpraktyke wat in plek is, duidelik aan nie. Hoewel talle universiteite amptelik enkelmediuminstellings is met net een taal vir onderrig en administrasie, bestaan dit dikwels, soos vroeër aangedui, saam met 'n paar kursusse of programme wat vir internasionale studente beskikbaar is, met die bykomende gebruik van hierdie internasionale taal, wat gewoonlik Engels of Frans is, vir praktiese redes.

Ironies genoeg het openbare universiteite in sommige lande gedeeltelik wegbeweeg van onderrig in 'n internasionale taal. Die meeste universiteite in die Baltiese State (Litouë, Letland en Estland) en ander lande wat na die verbrekking van die voormalige Sowjetunie ontstaan het, het óf feitlik opgehou om Russies as medium van

16. George Echu, "The Language Question in Cameroon", *Linguistik online*, 18, 1/04.

universiteitsonderrig te gebruik, óf die aanbod daarvan drasties verminder. Talle voormalige kolonies in Asië en Afrika het ook probeer om die gebruik van die voormalige koloniale taal (gewoonlik Frans, Spaans, Engels of Portugees) te beperk en die omvang van die nuwe amptelike taal/tale te vergroot, met wisselende mates van sukses. Die neiging is om voormalige koloniale tale vir gebiede in wetenskap en tegnologie te behou (Frans in Tunisië, Russies in Kasakstan), of selfs in sommige gevalle deur 'n nuwe dominante taal (Frans met Engels in Rwanda) te vervang.

Dit is redelik ooglopend dat 'n enkelmedium- of een of ander vorm van parallelmedium-onderwysmodel in die meeste lande bo die gemengde medium verkies word. Daar is talle probleme met gemengde mediumonderwys en dit is deeglik geboekstaaf. Dit verduidelik tot 'n groot mate waarom parallelmediumonderwys – of in die meeste gevalle enkelmediumonderrig – oor die algemeen internasionaal verkies word.

1. Dosente is moontlik nie ewe vlot in albei tale nie;
2. Studente is moontlik nie ewe vlot in albei tale nie;
3. Minder vlot studente word benadeel waar een taal oorwegend gebruik word;
4. Materiaal is dalk slegs in een taal beskikbaar;
5. Swak gehalte materiaal (of die interpretasie daarvan), of vertraging in die beskikbaarheid van materiaal in albei tale kom voor;
6. Assesserings is dalk slegs in een taal beskikbaar;
7. Dosente kan uiteindelik hoofsaaklik die instelling se dominante taal gebruik;
8. Sprekers van die minder dominante taal word dikwels deur kollegas of die dosent gedruk om “redelik” te wees en die uitwissing van hulle taal te aanvaar, en die dominante taal word geleidelik meer gebruik;
9. Dubbelmedium lei amper altyd tot die geleidelike verdringing van die minder dominante taal.

Gemengdemediummodelle word meestal meer gunstig ontvang wanneer dit in 'n “remediërende” hoedanigheid gebruik word waar studente dalk nie heeltemal vlot is in die universiteit se amptelike taal/tale nie: die studente se huistaal word minder of meer formeel gebruik om onderrig in die amptelike of dominante taal aan te vul. Gewoonlik word die besluit daarvoor aan die individuele dosente wat betrokke is, oorgelaat (Hongkong, Rwanda). Die benadering wat egter wêreldwyd die meeste voorkom, is een waar parallelmediumtaalmodelle aanvaar word, met 'n wye verskeidenheid modelle wat in plek is, van enkelmedium openbare universiteite in die hooftale wat in 'n land gepraat word (Kanada, België, Switserland, Masedonië, Finland, Indië, Sri Lanka, ens.) tot slegs 'n paar kursusse of programme wat in die minderheidstaal aangebied word. 'n Noemenswaardige ontwikkeling wat die afgelope twee dekades plaasvind, is dat 'n groot getal universiteite 'n paar internasionale kursusse of programme in Engels, of in een of ander internasionale taal, aanbied, veral op die graad- of nagraadse vlak, soos Russies in sommige dele van Sentraal-Asië en Oos-Europa, en Frans of Spaans in ander dele van die wêreld.

Talle lande met 'n lang geskiedenis in die verskaffing van tersiëre onderwys in meer as een taal (benewens dié vir internasionale studente) het oor die algemeen in dieselfde rigting beweeg, met die instelling van “toegewyde” universiteite wat in 'n minderheidstaal onderrig verskaf. Ondanks die welbekende voorbeelde van tweetalige of veeltalige universiteite in Kanada, soos die Universiteit van Ottawa of die Laurentia Universiteit, is dit die uitsonderings in daardie land eerder as die reël. Die meeste Kanadese openbare universiteite gee onderrig in óf Frans óf Engels, binne sowel as buite Quebec. Hierdie patroon word in talle lande herhaal, ten spyte van ander lofwaardige voorbeelde van tweetalige of veeltalige universiteite (Bozen/Bolzano in Italië, en Freiburg/Fribourg in Switserland, albei tweetalig in bedryf, maar drietalig in onderrigtaal; asook 'n paar universiteite in Masedonië, Spanje, ens.)

Hoewel dit van instelling tot instelling wissel, is die waarneembare tendens in talle lande dat hulle wegbeweeg het van die gebruik van 'n land se amptelike of nasionale taal as die uitsluitlike onderrigtaal in tersiëre onderwys. Dit kan by tye verband hou met die erkenning van die behoefte om die bevolking se taalsamestelling en behoeftes beter te weerspieël en het waarskynlik tot 'n aantal enkelmedium- of parallelmediuminstellings in verskillende streke binne 'n land gelei: in Masedonië het dit die afgelope paar jaar gelei tot die ontstaan van 'n hoofsaaklik Albaniese onderwysinstelling en 'n drietalige universiteit; in Spanje 'n Kataloniese, of tweetalige Baskiese universiteit; in Bolivië is universiteite die afgelope paar jaar opgerig wat hoofsaaklik in inheemse tale onderrig gee, hoewel Spaans ook in 'n aantal kontekste gebruik word; 'n veeltalige Vrye Universiteit in Bozen/Bolzano; 'n toenemende aantal kursusse in Hongaars en meer outonomie vir die afdeling vir die Hongaarse minderheid by die veeltalige Babeş-Bolyai Universiteit in Roemenië na 1989 ('n privaat Hongaarse-taaluniversiteit is ook in 2000 in Sapientia gestig); toenemende gebruik van Chinees in Hongkong na die beëindiging van Britse koloniale oorheersing; Sinhala en Tamil, wat onderrigtaal by universiteite in Sri Lanka naas Engels geword het; ens.

Die internasionale tendens is ook, ongeag 'n universiteit se hooftaal/-tale van administrasie en onderrig, om toenemend internasionaal-georiënteerde of nagraadse kursusse – veral op wetenskaplike en tegniese gebied – in een van die hoof internasionale tale, gewoonlik Engels, maar soms ook Frans, Russies of Spaans, aan te bied.

Hoewel dit nie aanvanklik duidelik is dat daar enige gemeenskaplike doelwitte is in die uiteenlopende modelle wat in die onderskeie lande bestaan, of selfs tussen die verskillende instellings binne dieselfde staat nie, is daar nogtans 'n aantal doelwitte wat bestaan ten opsigte van die vasstelling van die taalmodel wat vir 'n bepaalde konteks of land die geskikste is:

1. *Vermeerder die getal studente deur tersiëre onderrig in hulle taal aan te bied. Tersiëre onderwys deur middel van 'n minderheidstaal word wyd erken as een van die metodes om die mate van deelname van minderhede aan hoër vlakke van onderwys doeltreffend te verhoog (Kanada, Roemenië, Italië, Burkina Faso, Masedonië, ens.).*

2. *Vermy uitsluiting/benadeling of diskriminasie.* Verwant aan die vorige punt, moenie enige program of kursus aanbied in 'n minderheidstaal wat sal beteken dat hulle benadeel sal word ten opsigte van toegang tot of sukses in hoër onderwys nie.
3. *Beskerm en bevorder 'n minderheid se kultuur en taal.* In lande waar daar baie beduidende en geografies-gekonsentreerde minderhede is, word hulle voortgesette ontwikkeling en toekoms as 'n gemeenskap dikwels gekoppel aan die besit van geskikte parallelmedium-taalmodelle wat vir tersiëre onderwys in plek is. Die modelle aan die “hoër” punt van die skaal word gewoonlik gesien as absoluut noodsaaklik vir groter gemeenskappe van hierdie aard, tot op die punt waar dit ondenkbaar sal wees om nie openbare universiteite te hê wat uitsluitlik in Frans in Kanada, in Italiaans in Switserland, in Sweeds in Finland, ens. bedryf word nie.
4. *Werkgeleenthede.* Iets wat maklik misgekyk word, maar amper altyd 'n relevante oorweging in talle lande is, is die ekonomiese effek van hoër onderwys wat 'n dubbelmediummodel volg, veral in die hoër range. Om 'n universiteit te hê wat geheel en al of hoofsaaklik in 'n minderheidstaal funksioneer, beteken nie net dat studente in daardie taal leer nie, maar dat administratiewe en ander personeel aangestel word en dat verwante ondernemings dikwels rondom die gebruik van hierdie taal ontwikkel, vir publikasies, en selfs vir dienste soos restaurante, boekwinkels, ens.
5. *Opvoedkundige impak.* In opvoedkundige terme word onderwys in iemand se eie taal wyd as meer doeltreffend erken.¹⁷ Hoewel dit gewoonlik vir onderwys op laer vlakke aanvaar word, is dit ook duidelik dat universiteitstudente opvoedkundig waarskynlik eerder baat sal vind as hulle by hoër vlakke in die taal wat aan hulle die bekendste is, kan leer.

Gewoonlik word die omvang waartoe 'n taal as medium van onderrig en administrasie aan tersiëre instellings gebruik word, gekoppel aan faktore soos demografiese konsentrasie, bevolkingsgrootte, plaaslike of streeksvraag, 'n staat se finansiële hulpbronne, nabyheid aan ander instellings wat hoëronderwysprogramme in die minderheidstaal aanbied, of 'n bepaalde taal 'n alfabet het of oor 'n hoogsontwikkelde tegniese woordeskat beskik, ens. Oor die algemeen – hoewel redelike algemene beginsels steeds geld – kan die presiese formulering van 'n geskikte taalmodel wat 'n dubbelmediumbenadering behels, in een Europese verdrag¹⁸ aangetref word en na die volgende wetlike verpligtinge verwys:

1. Wat onderwys betref, onderneem die partye binne die gebied waar sodanige tale gebruik word, na gelang van die situasie van elkeen van hierdie tale, en sonder benadeling van onderrig van die amptelike taal/tale van die staat:
 - d.

17. *Education in a Multilingual World*, UNESCO Position Paper on Education, Paris, 2003.

18. *European Charter for Regional or Minority Languages*, Council of Europe, Strasbourg, 5 November 1992.

- i. om tegniese en beroepsonderwys in die relevante streeks- of minderheidstale beskikbaar te stel; of
 - ii. om 'n beduidende deel van tegniese en beroepsonderwys in die relevante streeks- of minderheidstale beskikbaar te stel; of
 - iii. om binne tegniese en beroepsonderwys vir die onderrig van die relevante streeks- of minderheidstale as 'n integrale deel van die kurrikulum voorsiening te maak; of
 - iv. om een van die maatreëls waarvoor onder i tot iii hierbo voorsiening gemaak word, aan te wend vir ten minste daardie leerlinge wat, of waar van toepassing wie se gesinne, dit verlang in getalle wat as voldoende gereken word;
- e.
- i. om universiteits- en ander hoër onderwys in streeks- of minderheidstale beskikbaar te stel; of
 - ii. om geriewe vir die bestudering van hierdie tale as universiteits- en hoëronderwysvakke te verskaf; of
 - iii. indien subparagrafe i en ii weens die rol van die staat met betrekking tot hoëronderwysinstellings nie toegepas kan word nie, die verskaffing van universiteits- of ander vorms van hoër onderwys in streeks- of minderheidstale, of geriewe vir die studie van hierdie tale as universiteits- of hoëronderwysvakke, aan te moedig en/of toe te laat; ...

Ten spyte van die groot wêreldwye diversiteit in spesifieke modelle van parallelmediumonderwys, is daar oor die algemeen 'n "toepaslike" benadering uit die internasionale praktyk waarneembaar. Binne 'n land, waar dit proporsioneel, prakties en moontlik is, moet kursusse, programme, fakulteite en selfs instellings self hoofsaaklik een taal gebruik as taal van administrasie sowel as van onderrig. In gebiede waar dit nie prakties of moontlik is nie, kan een of ander veeltalige struktuur die plaaslike behoeftes en eise beter weerspieël. Hoe hoër die gebruikskoers van 'n minderheidstaal as taal van tersiëre onderrig en administrasie is, hoe meer is sy toekoms as 'n akademiese taal verseker. Omgekeerd, waar die "laer" modelle van parallelmediumonderwys in plek geplaas word, is die waarskynlikheid groter dat die gebruik van die swakker taal deur die dominante taal van onderrig en administrasie oorskadu sal word.

Kortom, daar is 'n groot getal voorbeelde van openbare universiteite, met of sonder outonome kampusse, wat twee of selfs drie onderrigtale in 'n verskeidenheid modelle gebruik. Daar is ook in talle gevalle enkelmedium openbare universiteite wat geheel en al, of hoofsaaklik, in 'n minderheidstaal (wat dikwels 'n amptelike status het, soos in Kanada, Switserland, Ierland, Italië, Marokko, Hongkong, Indië, ens.) onderrig gee. Die gebruik van simultane tolking is egter redelik ongewoon: in die meeste lande word 'n enkele taal vir spesifieke universiteite, kampusse, grade of kursusse verkies, gevolg deur parallelmediummodelle.

Slotwaarnemings

Met die eerste oogopslag lyk dit asof daar ingevolge artikel 29 van die Suid-Afrikaanse Grondwet in Suid-Afrika selfs op universiteitsvlak 'n reg op onderwys in Afrikaans is. Daarmee saam sou die moontlike afdwinging van slegs Engels by die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom kampus nie goeie praktyk wees nie, soos gesien kan word uit wat in ander lande (Kanada, Sri Lanka, ens.) gebeur. Dit sal waarskynlik in gevolge van internasionale reg neerkom op 'n skending van die reg op onderwys sonder diskriminasie op grond van taal. Hierdie gevolgtrekking, hoewel grootliks nog nie deur internasionale menseregtekomitees ondersoek nie, blyk gegrond te wees in die lig van die getalkonsentrasie van sprekers van Afrikaans in Noordwes, asook die reeds beskikbare hulpbronne vir die gebruik van dié taal as onderrigtaal op tersiëre vlak.

Ongelukkig lyk dit soms of nóg die Suid-Afrikaanse Grondwet, nóg menseregteverpligtinge in ag geneem word wanneer slegs Engels afgedwing word, of waar die gebruik van Afrikaans in verskillende openbare areas hanteer word. So het die nasionale minister van hoër onderwys en opleiding byvoorbeeld aangedui, toe daar na die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in 'n privaat universiteit (Akademia) verwys is, dat daar geen plek vir rassistiese instellings is nie, en dat universiteite 'n reënboognasie moet weerspieël, met gewaarborgde toegang, ongeag taal – die laaste aanmerking is dan ook gerig teen die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal.

Enige poging om die reg op onderwys in Afrikaans te eis, of om Afrikaans te gebruik, sal met 'n beskuldiging van rassisme begroet word, selfs al is die meerderheid sprekers van Afrikaans nie wit nie. Tensy hierdie beskuldiging sterk en onomwonde hanteer kan word, sal dit ook in internasionale forums gebruik word, en sal dit vir sommige ongemaklik wees, tensy daar op intelligente en doeltreffende wyse daarop reageer word. Interessant genoeg was een van die enigste sake waar een van die regters van die Wêreldhof oor die kwessie van die gebruik van iemand se eie moedertaal in onderwys kommentaar gelewer het, ook 'n baie uitgebreide en gesaghebbende bespreking oor wat in internasionale reg as rassediskriminasie beskou word. In die saak het regter Tanaka hierdie spesifieke beskuldiging in werklikheid verwerp deur daarop te wys dat die gebruik van aparte tale vir onderwysdoeleindes oor die algemeen nie op rassediskriminasie kan neerkom nie, aangesien dit in werklikheid op 'n redelike aanspraak op 'n verskil van behandeling berus:

[I]f we consider education ... we cannot deny the value of vernacular as the medium of instruction and the result thereof would be separate schooling as between children of diverse population groups ... In this case separate education and schooling may be recognised as reasonable [and therefore not discriminatory]. This is justified by the nature of the matter in question.¹⁹

– Judge Kotaro Tanaka

Dit is so onlangs as in 2008 in groter besonderhede bevestig in een van die aanbevelings van die Verenigde Nasies se Forum oor Minderheidsake:

19. *South-West Africa (Namibia) Case*, 1962 Judgment of the International Court of Justice, I.C.J. Reports 1962.

27. State or local policies or practices that, *de jure* or *de facto*, result in separate classes or schools for minority pupils, or schools or classes with grossly disproportionately high numbers of minority pupils, on a discriminatory basis, are prohibited, except in limited and exceptional circumstances. In particular, the misuse of psychological or learning ability tests for enrolment of children in primary schools must be subjected to close scrutiny with respect to their potential to engender discriminatory outcomes. The creation and development of classes and schools providing education in minority languages should not be considered impermissible segregation, if the assignment to such classes and schools is of a voluntary nature. However, where separate educational institutions are established for minorities for linguistic, religious or cultural reasons, no barriers should be erected to prevent members of minority groups from studying at general educational institutions, should they or their families so wish.²⁰

Dit is veral belangrik omdat dit 'n paar vereistes uiteensit om te verseker dat 'n privaat onderriginstelling – wat 'n tersiëre onderwysinstelling kan insluit – nie as diskriminerend ten opsigte van ras beskou word nie, al bevoordeel dit individue uit 'n spesifieke etniese of rassegroep.

20. *Minorities and the right to education: Recommendations of the first session of the UN Forum on Minority Issues* (2008), beskikbaar by:
http://www.ohchr.org/Documents/HRBodies/HRCouncil/MinorityIssues/Forum_On_Minority_Pub_en_low.pdf.

AANHANGSEL I

Toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings van die Komitee vir Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte

1. *Toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings van die Komitee vir Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte, Belarus*, U.N. Doc. E/C.12/BLR/CO/4-6 (2013).

29. Die komitee is besorg oor die beperkte gebruik van die Belarussiese taal in onderwys, veral in hoër onderwys, en die kulturele lewe (artikels 13-15).

Die komitee versoek die staatsparty om al die nodige stappe te neem om te verseker dat diegene wat klasse in die Belarussiese taal wil volg, insluitende op die hoëronderrigvlak, sodanige geleenthede ontvang. Die komitee versoek ook die staatsparty om doeltreffende stappe te neem om die wyer gebruik van die Belarussiese taal op alle gebiede van die lewe te bevorder, insluitende die kulturele lewe, en in die volgende periodieke verslag oor die vordering verslag te doen.

2. *Gevolgtrekkings en aanbevelings van die Komitee vir Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte, Israel*, U.N. Doc. E/C.12/1/Add.27 (1998).

42. [...] Die komitee neem met kommer kennis van die feit dat die regering van Israel nie gelyke regte aan sy Arabiese burgers verleen nie, hoewel hulle meer as 19 persent van die totale bevolking uitmaak. Hierdie diskriminerende ingesteldheid is sigbaar in die laer lewenspeil van Israeliese Arabiere as gevolg van onder meer 'n gebrek aan toegang tot behuising, water, elektrisiteit en gesondheidsorg en hulle laer vlak van onderwys. Die komitee merk ook met kommer op dat ten spyte van die feit dat die Arabiese taal regtens amptelike status het, dit nie in die praktyk van gelyke belang is nie.

43. Die komitee doen 'n beroep op die staatsparty om maatreëls te tref om die ongelykhede in die onderwysstelsel op sekondêre en universiteitsvlak te hanteer, veral ten opsigte van begrotingstoewysings. Die komitee beveel aan dat 'n studie gedoen word oor die lewensvatbaarheid van die daarstelling van 'n Arabiese universiteit in Israel om gelyke geleenthede en toegang tot hoër onderwys in die onderskeie amptelike tale te verseker.

3. *Gevolgtrekkings en aanbevelings van die Komitee vir Ekonomiese, Maatskaplike en Kulturele Regte, Marokko*, U.N. Doc. E/C.12/MAR/CO/3 (2006).

30. Die komitee neem met kommer kennis dat die staatsparty 'n tweespoed-onderwysstelsel het, met 'n merkbare verskil in die vlak tussen openbare en privaat onderwys, wat die laer-inkomstesektor van die samelewing van gelyke geleenthede ontnem. Die komitee is ook bekommerd oor die ongelykhede in skoolinskrywingskoerse tussen meisies en seuns en dié in landelike en stedelike gebiede. Dit is ook bekommerd dat primêre en sekondêre onderrig in Arabies geskied, terwyl hoër onderwys in wetenskaplike vakke slegs in Frans beskikbaar is, wat dit vir leerlinge uit die openbare sektor moeilik maak om te registreer.

31. Die komitee neem kennis van die staatsparty se pogings om geletterdheidsprogramme te implementeer. Hulle betreur egter die feit dat sodanige programme slegs in Arabies plaasvind, wat volwasse, nie-Arabiessprekende Amazigh-mense verhoed om geletterdheid in hulle moedertaal te verwerf.

32. Die komitee neem kennis van die stappe wat deur die staatsparty geneem word om die Amazigh-kultuur te bevorder. Hulle is nietemin bekommerd dat Amazigh-name nie deur munisipale registrasiekantore aanvaar word nie. Hulle merk ook op dat aangesien Arabies die enigste amptelike taal in die staatsparty is, die Amazigh-bevolking, wat 'n groot deel van die Marokkaanse bevolking uitmaak, van die geleentheid ontnem word om hulle moedertaal in amptelike sake te gebruik, en dat die reg van die Amazigh op hulle kulturele identiteit nie ten volle gerespekteer word nie.

57. Die komitee beveel aan dat die staatsparty die nodige stappe neem om die openbare onderwysstelsel te bevorder en gelykheid in onderwys tussen seuns en meisies en landelike en stedelike gebiede te bereik. Die komitee moedig die staatsparty aan om die nodige stappe te neem om te verseker dat hoër onderwys in wetenskaplike vakke ook in Arabies beskikbaar is.

58. Die komitee beveel aan dat die staatsparty geletterdheidsprogramme in die Amazigh-taal instel. Hulle moedig ook die staatsparty aan om gratis onderrig in Amazigh op alle vlakke te verskaf.

AANHANGSEL II

Die onderrigtaal in openbare universiteite en artikel 29 van die Suid-Afrikaanse Grondwet

Daar is twee “lae” van grondwetlike verpligtinge wat potensieel ’n impak op die kwessie van die onderrigtaal in openbare universiteite het, naamlik artikel 6(2) en 6(3), wat op die departement van hoër onderwys en opleiding betrekking het, en artikel 29, wat op tersiëre onderwys in die algemeen betrekking het.

As deel van die oorkoepelende verpligtinge van die hele Suid-Afrikaanse nasionale regering moet die departement van hoër onderwys en opleiding ingevolge artikel 6(3)a ten minste twee tale (of drie, ingevolge die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale) vir sy doeleindes gebruik. Die huidige wetgewing en verskillende taalbeleide wat in 2014–2015 aanvaar word, maak egter nie werklik hiervoor voorsiening nie, aangesien daar – buiten vir Engels – eintlik geen aanduiding is van waar en vir watter doeleindes enige ander taal gebruik sal word, insluitende deur die departement van hoër onderwys en opleiding nie. Dit sal ten minste beteken dat sy openbare kommunikasie- en dienstefunksies in ten minste twee tale (of drie, ingevolge wetgewing) moet geskied, aangesien dit ’n deel van die nasionale regering is.²¹ Daar is tans geen sigbare aanduiding van die minister van hoër onderwys en opleiding se kant van enige konkrete begeerte om dit in plek te kry nie.

Die onderrigtaal in alle openbare onderwysinstellings – insluitende openbare universiteite – word egter afsonderlik en in groot detail in die Suid-Afrikaanse Grondwet hanteer:

29 (2). Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van:

- a. billikheid;
- b. doenlikheid; en
- c. die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

Die gedetailleerde bewoording dui daarop dat daar deeglik nagedink is oor wat hierdie reg in die praktyk kan inhou, aangesien dit gaan oor die reg op onderwys, wat ten doel het om verpligtinge voor te skryf wat potensieel verswarend kan wees: openbare onderwys in potensieel ’n aantal verskillende tale is nie goedkoop nie. ’n Paar van hierdie besonderhede laat artikel 29(2) veral uitstaan:

21. Vir meer besonderhede hieroor, sien Fernand de Varennes, *International and Comparative Perspectives in the Use of Official Languages: Models and Approaches for South Africa, Assessment prepared for the Afrikaanse Taalraad on the use of official languages and the proposed South African Languages Act, 2011 and other issues* (ATR, Pretoria, 2012).

1. Dit is nie 'n reg om in jou eie taal of amptelike taal onderrig te word nie; dit het duidelik ten doel om 'n reg te skep om onderwys in enige amptelike taal te kies;
2. Dit is 'n reg om in 'n amptelike taal onderrig te word, nie net om dit te leer nie;
3. Dit is 'n beperkte reg. Dit mag slegs uitgeoefen word waar dit “redelikerwys doenlik” is. Soos hierdie verslag aandui, is dit nie 'n ongewone beperking nie;
4. Vir artikel 29(2) werk redelikheid nie in 'n vakuum nie. Dit word grondwetlik omskryf: die regering moet hierdie reg doeltreffend implementeer deur “alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, [te] oorweeg, met inagneming van: a. billikheid; b. doenlikheid; en c. die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel;”
5. Laastens is daar die verwysing na enkelmediuminstellings wat beklemtoon moet word as een manier om die doeltreffende implementering van die reg op onderwys in 'n amptelike taal te oorweeg.

Redelikheid en doenlikheid word in artikel 29 beklemtoon en herhaal, wat daarop dui dat dit belangrike determinante moet wees, maar ook dat billikheid en die gevolge van rassediskriminasie in die verlede in ag geneem moet word in die wyse waarop die taal in openbare instellings geïmplementeer word. Laasgenoemde is 'n aanduiding dat aansporingsmaatreëls en bykomende pogings oorweeg moet word om die gebruik van Afrika-tale in openbare onderwysinstellings, of sekere opvoedkundige alternatiewe vir tradisionele instellings te bevorder.

Konstitusionaliste wat die geskiedenis van die opstel van hierdie bepaling en die uitleg daarvan deur howe in Suid-Afrika nagevors het, kan groter begrip verskaf oor die agtergrond en ingewikkeldhede van artikel 29 en Suid-Afrikaanse sake soos *Mikro*, *Seodin* of *Hoërskool Ermelo I* en *II*.²² Daar is veral die uitwerking van “billikheid” en die “behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel”, wat aansienlike gevolge kan hê vir die bestaande openbare onderwysinstellings waarby Afrikaners en die wit bevolkingsgroepe onder die apartheidstelsel gebaat het.

Uit die hoek van internasionale reg beskou, is enkelmediuminstellings op sigself nie diskriminerend ten opsigte van ras nie. Om dit effens anders te stel, vereistes op grond van taal is nie outomaties op sigself “ras”-gebonde nie. Dit is reeds in 1971 erken toe regter Tanaka van die Internasionale Geregshof een van die internasionale reg se mees gedetailleerde vroeë oorwegings van die betekenis van rassediskriminasie verskaf het, en ook spesifiek verwys het daarna of die keuse van 'n onderrigtaal op grond van ras kan diskrimineer:

For instance, if we consider education ... we cannot deny the value of vernacular as the medium of instruction and the result thereof would be separate schooling as between children of diverse population groups ... In this

22. Stu Woolman & Brahm Fleisch, *The Constitution in the Classroom: Law and Education in South Africa, 1994-2008* (Pretoria University Law Press, Pretoria, 2009), het veral die potensiële belangrikheid van artikel 29 gedek; 'n meer “minderheid”-georiënteerde ontleding verskyn ook in Mark Tushnet, Thomas Fleiner & Cheryl Saunders (editors), *Routledge Handbook of Constitutional Law* (Routledge, New York, 2013), in hoofstuk 13.

case separate education and schooling may be recognised as reasonable [and therefore not discriminatory]. This is justified by the nature of the matter in question.²³

Selfs al lei die gebruik van 'n onderrigtaal daartoe dat verskillende groepe volgens linguistiese (en waarskynlik in sommige gevalle etniese) lyne verdeel word, was dit na sy mening nie 'n onredelike effek as gevolg van 'n suiwer linguistiese vereiste nie – solank inskrywing oop was vir kinders van alle rassegroepe wat in daardie taal onderrig wou word.

Soos in hierdie verslag en ook deur 'n aantal politici en regeringsamptenare aangedui word, word Afrikaans as 'n taal in die konteks van Suid-Afrika egter by tye as “rassisties” uitgebeeld, al is die meerderheid sprekers daarvan nie wit nie.²⁴ Omdat Afrikaanstalige instellings in die verlede deur die owerhede bevoordeel is, is daar verder die gewaande behoefte om die onderwysinstellings en hulpbronne van die staat billiker onder alle rassegroepe te herverdeel. Hierdie twee faktore, tesame met artikel 29 se erkenning van die erfenis van apartheid in onderwys, het dus blykbaar steeds 'n impak op die huidige ingesteldheid en die behandeling van Afrikaans as onderrigtaal. Dit is egter nie die enigste invloed nie: hoewel die departement van basiese onderwys in 2013 'n doelwit aanvaar het om deur die inkrementele instelling van Afrika-tale (IIAL) in alle openbare skole vir graad 1 tot 12 (dit gaan daarvoor om die haalbaarheid te ondersoek van die inkrementele implementering vanaf graad 1 in 2015 en in daaropvolgende jare tot graad 12 in 2026) te verseker dat alle leerders 'n Afrika-taal praat, is dit beperk daartoe om almal “n” Afrika-taal te leer, en het nie ten doel om deur middel van enige van hierdie tale onderrig te gee nie.

In effek word alle amptelike tale buiten Engels toenemend uitgesluit van gebruik as onderrigtale na die eerste drie jaar van primêre onderrig, ten spyte van artikel 29, soos die voormalige hoof uitvoerende beamppte van PanSAT, Ntombenhle Nkosi, opgemerk het toe sy aangedui het dat onderwysers en SBL-lede by die meeste voormalige model C-skole bykans 14 jaar na die begin van die nuwe bedeling Engels as 'n eerste taal afdwing. Sy het aangedui dat skole tale op leerders afdwing, wat 'n kettingreaksie by tersiêre instellings ontlok en tot 'n swak standaard van taalgebruik deur studente by universiteite lei.²⁵

Dit lyk egter asof artikel 29 'n absolute verpligting op tersiêre sowel as primêre en sekondêre onderwysvlak plaas: waar redelik doenlik en prakties moontlik het studente die reg om aan 'n openbare tersiêre onderriginstelling in die amptelike taal van hulle keuse onderrig te ontvang – ook in Afrikaans – met inagneming van “alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, [...] met inagneming van: a. billikheid; b. doenlikheid; en c. die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel”. Wat redelik doenlik en prakties moontlik is, hang van getuienis af: waar 'n voldoende getal leerders onderrig in 'n

23. Legal Consequences for States of the Continued Presence of South Africa in Namibia (South West Africa) Notwithstanding Security Council Resolution 276 (1970), Advisory Opinion, 21 June 1971.

24. 'n Taal kan natuurlik nie rassisties wees nie, net so min as wat 'n taal soos Duits 'n Nazi-ideologie kan hê – tale is nie lewende wesens wat politieke of rassistiese menings kan huldig nie.

25. Dineo Matomela, “Language freedom in schools on cards”, *The Herald*, 30 Oktober 2009, beskikbaar by <https://groups.yahoo.com/neo/groups/AfricanLanguages/conversations/messages/1124>.

voorkeurtaal versoek en geen voldoende alternatiewe skool bestaan om sodanige onderrig te verskaf nie, is 'n openbare skool verplig om – met die hulp van die staat – onderrig in die taal van hulle keuse te verskaf.²⁶ Nog getuienis wat die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in 'n deel van 'n tersiëre onderriginstelling – die Potchefstroomkampus is slegs 'n komponent van die Noordwes-Universiteit, nie 'n enkelmediumonderriginstelling as sodanig nie – ondersteun, is dat die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal reeds in plek is. Daar is geen redelike doenlikheid-kwessie indien getalle voldoende is vir die voortgesette gebruik nie, aangesien die taal reeds in die instelling gebruik word. Wat owerhede in werklikheid doen, is om die gebruik van 'n amptelike taal uit te skakel waar dit redelikerwys doenlik is om dit te handhaaf.

Hoewel dit nodig sal wees om 'n Suid-Afrikaanse grondwetkundige oor die saak te raadpleeg, moet die behoefte om “alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, [te] oorweeg, met inagneming van: a. billikheid; b. doenlikheid; en c. die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel” as toevoegend eerder as ontnemend beskou word: almal moet toegang tot openbare onderrig in die taal van hulle keuse hê waar dit redelik doenlik is. Die verwysings na billikheid en die herstel van die gevolge van rassediskriminasie in die verlede moet in 'n positiewe lig beskou word: diegene wat negatief geraak is as gevolg van hierdie praktyke van die verlede, moet 'n groter keuse ten opsigte van hulle amptelike taal as onderrigtaal in openbare instellings kry. So 'n “nie-uitsluitende” benadering beteken egter dat onderrig in Afrikaans in openbare onderwysinstellings steeds op tersiëre vlak kan en verskaf moet word waar dit redelik doenlik is, byvoorbeeld op 'n plek soos die Potchefstroomkampus. Artikel 29 gaan nie om die uitskakeling van openbare onderrig in enige van Suid-Afrika se amptelike tale nie – dit het ten doel om dit so ver as moontlik toe te laat waar dit doenlik is om dit uit te voer.

Ander is in 'n beter posisie as ek om die ingewikkeldhede van artikel 29(2) oor die kwessie van enkelmediuminstellings teenoor dubbelmedium-, parallelmedium- of ander tipes modelle vir onderriginstellings te bespreek. Sommige beweer dat die melding daarvan in daardie bepaling van die Grondwet redelik swak is:

... the mere mention of single-medium public schools²⁷ in no way privileges such institutions over dual-medium public schools, parallel-medium public schools [or other types of schools] ... all that this portion of FC section 29(2) requires is that the state consider 'all reasonable educational alternatives' that would make mother-tongue or preferred-language instruction possible.²⁸

Die skrywers van die aanhaling hierbo is van mening dat enkelmediumonderrig nie gunstig oorweeg moet word nie, tensy dit 'n beter kans staan om die vereistes van billikheid, doenlikheid en historiese regstelling te bevorder of bevredig. Waarskynlik sal 'n skool wat slegs Afrikaans gebruik waarskynlik na hulle mening dus nie aanvaarbaar wees nie, aangesien – hoewel hulle dit nie presies so stel nie – dit nie as die herstel van vorige

26. Stu Woolman & Brahm Fleisch, *The Constitution in the Classroom: Law and Education in South Africa, 1994-2008* (Pretoria University Law Press, Pretoria, 2009), p. 65.

27. Hoewel die skrywers hier deurlopend na skole verwys, dek artikel 29(2) nie net skole nie, maar alle openbare onderwysinstellings, insluitende openbare universiteite.

28. Stu Woolman & Brahm Fleisch, *The Constitution in the Classroom: Law and Education in South Africa, 1994-2008* (Pretoria University Law Press, Pretoria, 2009), p. 66.

rassediskriminasie beskou kan word nie. Daar word ook voorgestel dat die regering in ieder geval sal moet demonstreer waarom – aangesien die Grondwet die legitimiteit van enkelmediuminstellings erken – ’n ander vorm soos dubbelmedium beter vir studente sal wees waar enkelmedium openbare skole aan die vereistes van billikheid, doenlikheid en historiese regstelling voldoen. Die staat kan nie bloot ’n oorheersende verbintenis tot “gelykheid” of “transformasie” toepas om enkelmediuminstellings te ontbind nie.

Hulle siening is egter effens problematies wanneer dit kom by die daarstelling van die vereistes van billikheid, doenlikheid en historiese regstelling as absolute vereistes ten einde die reg op onderrig in ’n amptelike taal uit te oefen. ’n Deeglike bestudering van die bepaling ondersteun nie werklik so ’n gevolgtrekking nie. Artikel 29(2) word in twee dele verdeel: die eerste deel sit die reg op onderrig in ’n amptelike taal waar doenlik uiteen. Wanneer onderrig in ’n spesifieke taal redelik doenbaar geag word – soos in die geval van Afrikaans op tersiëre vlak – bepaal die tweede deel hoe dit gedoen moet word om doeltreffende toegang tot en die implementering van hierdie reg te verseker:

- Die eerste deel bepaal “wanneer” die reg op onderwys in enige amptelike taal bestaan.
- Die tweede deel fokus op die “hoe”. Om hierdie grondwetlike reg doeltreffend te implementeer, moet owerhede alle redelike onderwysalternatiewe oorweeg, insluitende enkelmediuminstellings vir Afrikaans en ander vorms, met inagneming van billikheid, ens.

Die aanvaarding van slegs Engels as onderrigtaal deur die gebruik van Afrikaans te verwyder, sal dus heeltemal teenstrydig met artikel 29(2) wees, aangesien dit by gebrek aan ’n doenlikheidskwessie met die voortgesette gebruik daarvan nie moedertaal- of voorkeurtaalonderrig moontlik sal maak nie. Daar is ook geen aanduiding dat die gebruik van Afrikaans die gebruik van Engels as onderrigtaal aan die Noordwes-Universiteit verhoed nie.

Twee laaste waarnemings: eerstens kan daar geredeneer word dat die Potchefstroomkampus, ongeag ’n mate van outonomie, nie ’n onderwysinstelling is nie. Dit is *deel* van ’n openbare onderwysinstelling – die Noordwes-Universiteit. In die geheel gesien, is die NWU in die lig van die wydverspreide gebruik van Engels as onderrigtaal nie ’n enkelmediuminstelling nie. Dit lyk oorywerig om die reg op tersiëre onderrig in Afrikaans in slegs een deel van die universiteit verder uit te skakel, en ook teenstrydig met die Suid-Afrikaanse Grondwet.

Tweedens gaan die kwessie van billikheid en herstel vir rassediskriminasie in die verlede in die afsienbare toekoms sterk dryfvere vir teenstand teen enige voortgesette gebruik van Afrikaans in universiteite en ander onderwysinstellings wees. Gegewe die hoë gehalte van universiteitsonderrig wat op die Potchefstroomkampus aangebied word, sal dit dalk vir owerhede moeilik wees om die voortgesette gebruik van Afrikaans te bedreig indien daar ’n manier is om die inname van nie-wit studente wat belangstel en bereid is om in Afrikaans te studeer, beduidend te verhoog. ’n Sterk groei in studentegetalle uit hierdie gemeenskappe wat deur spesiale beurse, werwingsveldtogte, ens. aangemoedig kan word om by die universiteit in te skryf, kan heelwat vermag om die toenemend onheilspellende dreigemente in hierdie verband te probeer demp.

OOR DIE SKRYWER



Dr. Fernand de Varennes het sy grade in die regte in Kanada (LLB, Moncton)), die Verenigde Koninkryk (LLM, London School of Economics and Political Science) en Nederland (Dr Juris, Maastricht) verwerf. Hy is 'n besoekende professor by die Fakulteit Regte aan die Universiteit van Hongkong (China), en buitengewone professor in die Sentrum vir Menseregte in die Fakulteit Regte van die Universiteit van Pretoria (Suid-Afrika).

As 'n internasionale regs kundige oor menseregte en die regte van minderhede en inheemse volke het hy reeds 'n aantal keer voor VN-komitees in Genève en die Europese Parlement in Brussel verskyn, met die OSC se hoë kommissaris oor nasionale minderhede saamgewerk, en 'n aantal aanbiedings vir die VN oor onder meer taalregte van inheemse volke en minderhede; voorkoming van etniese konflik; politieke deelname van minderhede, asook UNESCO (oor die regte van migrante) opgestel. Hy was ook by 'n dialoogseminaar oor minderheidsregte met die regters van die Afrikahof oor Mense- en Volkeregte betrokke. Hy werk tans aan 'n praktiese werkboek oor taalregte vir die kantoor van die VN se hoë kommissaris vir menseregte.

As akademikus het hy 'n aantal inisiatiewe vir hoër onderwys geloods, insluitende die eerste gewone regskursus oor Asië-Pasifiese menseregte in 'n Australiese regskool, die eerste LLM in menseregte in Australië, en 'n aantal internasionale oorsese programme vir Australiese regstudente in Italië, Switserland en die Verenigde State. Tussen 1998 en 2012 was dr. De Varennes die hoofredakteur van die *Asia-Pacific Journal on Human Rights and the Law*. Sy ander akademiese betrokkenheid in Afrika, Asië en Europa sluit 'n voormalige direkteurskap van die *Asia-Pacific Centre for Human Rights and the Prevention of Ethnic Conflict* en die onderrig van menseregte of internasionale reg aan universiteite in Australië, China, Ethiopië, Finland, Indonesië, Italië, Japan Litouë, die Maldives en Suid-Afrika in.

As advokaat wat verbind is tot menseregte en die beskerming van minderhede en inheemse mense, speel hy 'n adviseursrol in hoflitigasieprogramme by die Minority Rights Group International en Interights, en dien in die adviesraad van 'n aantal navorsingsentrums en wetenskaplike tydskrifte in Asië en Europa. Hy is geraadpleeg oor die Organization of American States se konsep *Inter-American Declaration on the Rights of Indigenous Peoples*, oor OSCE-inisiatiewe wat die regte van minderhede hanteer (die *Lund Recommendations on the Effective Participation of National Minorities in Public Life* en die

Oslo Recommendations regarding the Linguistic Rights of National Minorities), oor die voldoening van Bhoetan se grondwet aan menseregtestandaarde, asook voorbereide response met minderheidsorganisasies oor beoogde taalwetgewing vir Noord-Ierland en Suid-Afrika. Hy het in 2012 as sameroeper van die dertiende konferensie van die International Academy of Language Law oor *Language Rights, Inclusion and the Prevention of Ethnic Conflicts* wat in Chiang Mai, Thailand gehou is, opgetree.

In internasionale regsdinge het hy advies verskaf in die (geslaagde) 2010-kommunikasie van *Raihman v. Latvia* voor die Verenigde Nasies se Menseregtekomitee; die (ook geslaagde) 2012-saak van *Catan et al. v. Moldova and Russia* in die Europese Hof vir Menseregte; en die geslaagde 2010-saak van *Lourens v. President van die Republiek van Suid-Afrika en Andere* in Suid-Afrika. Hy is ook in 2014 as 'n kundige getuie geroep in 'n verhoor teen die Parlement van Suid-Afrika oor sy grondwetlike verpligtinge om nasionale wetgewing in die land se amptelike tale te publiseer (*Lourens v. The Speaker of the National Assembly of the Parliament of the Republic of South Africa et al.*).

Dr. De Varennes se navorsings- en publikasierekord behels meer as 160 publikasies en 30 tale. Benewens tradisionele wetenskaplike boeke en artikels, skryf hy steeds verslae vir internasionale regeringsorganisasies soos UNESCO (oor die regte van migrante), die VN se Kundigheidsmeganisme oor die regte van inheemse volke (oor inheemse taalregte), die VN se werksgroep oor die Regte van Minderhede en die VN Onafhanklike Kundige oor Minderhede (taalregte, voorkoming van etniese konflik, politieke deelname van minderhede), asook vir nie-regeringsorganisasies soos Minority Rights International (oor minderhede in Suidoos-Asië, Sentraal-Asië en Oos-Asië). Hy is die redakteur van die *Routledge Handbook of Human Rights in Asia* wat binnekort verskyn, en is tans besig om twee verdere manuskripte te voltooi, naamlik *Language Rights and Wrongs* vir Channel View Publications, en *Language Rights in International Law* vir Brill Academic.

Ter erkenning van sy werk en prestasies op die gebied van menseregte en die beskerming van minderhede, het hy al verskeie toekennings in Afrika, Asië en Europa ontvang, insluitende die 2004 Linguapax-toekenning (Barcelona, Spanje) en die Tip O'Neill Peace Fellowship (Noord-Ierland, VK). Hy is ook vir die Gwangju-prys vir menseregte (Gwangju, Suid-Korea) benoem.